Volume 18, Nommer 1

Februarie 2018

AB Nuusbrief

NUUSBRIEF VAN DIE AFRIKANERBOND

In hierdie uitgawe:

- *Woord deur die Voorsitter* p1
- *Die politiek van rassisme en ontkenning* p3
- *Gauteng Onderwysdepartement se meesterklas in bedrog* p4
- *Multi– of interkultureel in Suid-Afrika* p7
- *Grond en eiendomsbesit* p8
- *Die 8 pilare van die blaam van apartheid* p9
- *Kom vier ons eeufeesjaar* p11
- *KKNK Ontbyt byeenkoms* p12

Woord deur die voorsitter

Deur Jaco Schoeman
Voorsitter van die Nasionale raad

Welkom in 2018. Dit is die jaar waarin die Afrikanerbond 100 jaar oud is en bloot hierdie gedagte is besig om allerweë groot opwinding en afwagting wakker te maak. Die eerste maand propvol gebeurlikhede is weer soos 'n oogwink verby, maar daar staan alreeds weer 'n paar leë stoele om familietafels waar daar Kersfees nog met groot vreugde aangesit is. Ons neem met groot leedwese kennis van verskeie plaas-aanvalle en ander misdaad en rampe waar die hoogste offer betaal moes word.

Mnr Cyril Ramaphosa is in Desember verkies tot die nuwe president van die ANC Die Afrikanerbond het 'n amptelike skrywe van gelukwense in Desember aan hom gestuur en ons verbintenis tot dialoog bevestig en bereidwilligheid en behoefte vir 'n dringende gesprek oor verskeie sake gemeld.

Teenstanders van die Afrikaner weet al oor eeue heen, net soos Leander Star Jameson, (Van die Desember 1895 faam Jameson inval in Transvaal faam) dat die Feesdae in Desember dikwels 'n goeie tyd is om die Afrikaner, vir 'n oomblik onbewaak, van stryk af te kan betrap.

Die verwagte aankondiging in Desember 2017 dat Mnr. Ramaphosa verkies is tot die president van die ANC het in menige Afrikaner huishoudings weggeraak in die plesierige lirieke en musiek van Jay en Lianie May se ***"Da' Vat hy"***. Mnr Ramaphosa het toe die titel van President *gevat* by die ANC se konferensie by Nasrec. *Die "Gooi hom in die son dat hy refs optel"* was netso profeties. Met slegs enkele dae tussen Nasrec en mnr Ramaphosa se verkiesing en die strande van Oos-Londen waar die 106e verjaardag viering van die ANC plaasgevind het, het mnr. Ramaphosa gewis 'n paar revolusies opgetel.

"'n warm patat laat die skote klap da' vat hy" -Begeesterd en aan die brand het hy enige twyfel wat nog kon bestaan oor onteiening sonder vergoeding, versnelde transformasie en weg met wit monopolie-kapitaal, met groot fanfare, soos 'n refrein onder flitsende ligte van al wat verhoog is, laat weerklink. Die enigste vlieg in die salf was die bitter word van die soet verjaardag koek, toe dit bekend raak dat dit gebak is deur 'n wit Suid-Afrikaner en ironies 'n lid van die DA.

(Vervolg op p2)

As Afrikaners bou ons saam aan die toekoms van Suid-Afrika

Woord deur die Voorsitter (verv)

Die topstruktuur van hierdie, nou skynbare uitsluitlike swart politieke belangeparty, kon met die beste wil ter wêreld, nie daardie koutjies van die koek, selfs met hulp, afgesluk kry nie. Hierdie voorval is bykans so vergesog soos die dreigement dat wit en Indiër begrafnisondernemers uit swart woonbuurte verban word en bykans net so lagwekkend soos die van ouers wat bang is om piesangs in die kosblik skool toe te pak in geval die kinders dit vir maatjies aanbied, en dit as 'n rassistiese gebaar gesien kan word.

Mnr Ramaphosa wat in die voorste linies betrokke was sal weet wat die gees van onderhandelinge was tydens die onderhandelingsproses wat Suid Afrika gebring het waar dit vandag is. Wanneer hy dan sy rug draai op daardie gesprekke, of probeer paneelklop en verander om te maak pas, moet die Regerende party se verbintenis tot die grondwet ernstig bevraagteken word. Was die grondwet slegs die voorgereg en tussenstap tot die hoofmaal, die Vryheidsmanifes, of is ons weer waar ons in 1992 was?

Die regte en beskerming van minderhede is tans toenemend besig om die knie te buig voor die transformasie regbank in die Konstitusionele hof.

As die pilare van stabiliteit en groei naamlik, eiendomsreg en vryemark beginsels, wedersydse respek en inbinding, wankel en geskud word, is dit onvermydelik dat die hoeksteen, die teenwig, verkrummel en verbrokkel en is die grondwet besig om sy siel te verloor. Die regte en beskerming van minderhede is tans toenemend besig om die knie te buig voor die transformasie regbank in die Konstitusionele hof.

Dit is daarom belangrik dat ons sal kennis neem van Mnr FW De Klerk se persoonlike skrywe in Rapport van 21 Januarie 2018 – *HOF VERSAAK MINDERHEDE – "Dit blyk nou dat Afrikaner tydens die onderhandelingsproses oor die nuwe grondwet mislei is." D*ie beskerming van regte ook van minderhede, moet nou plek maak vir ander tierlantyntjies wat intussen ingesluip het en sodanige status verkry het, dat die siel van die grondwet uitgeruk word. Verdienstelike begrippe soos transformasie het egter, tot 'n welige onkruid-gegroei dat dit dreig om die grondwet te verswelg en te kontamineer tot so 'n mate dat transformasie die oorwig in die skale van geregtigheid het.

Daar was 'n tyd dat gematigde Suid-Afrikaners vinniger brûe kon bou as wat distopiese revolusionêres kon afbreek, maar brugbouers en argitekte van kohesie is helaas ingehaal. Brûe stort nou vinniger in duie soos wat rasgedrewe wetgewing, die misbruik van regstellende maatreëls, verdagmakery en vestiging van wanpersepsies, die gif geplant deur die regerende party, nou bykans elke sel van die samelewing binnegedring het en floreer nou op sy eie momentum. Die ANC het die kuns vervolmaak om rassisme met selfs groter rassisme te beveg en klop hul self boonop op die skouer daarmee.

Die brûe van kohesie en wedersydse respek verkrummel en gee mee onder die dreunsang en voetestamp, ook van haatspraak soos *voertsek wit Afrikaner*, *kill the boer* soos pas weer geuiter by Overvaal, deur voetsoldate wat 'n ideologie dien wat nooit 'n suksesvolle Suid Afrika tot stand kan bring nie.

Daar was 'n tyd dat gematigde Suid-Afrikaners vinniger brûe kon bou as wat distopiese revolusionêres kon afbreek, maar brugbouers en argitekte van kohesie is helaas ingehaal.

Die Afrikanerbond is vanjaar 100 jaar oud. Die Afrikaner is al meer as 300 jaar onlosmaaklik deel van die kontinent waarna hy vernoem is, ook die taal wat hy praat, en die land wat hy help ontwikkel het. Regerings het in hierdie tyd gekom en gegaan. Regte is verkry en dan weer ontneem. Ons beleef skeltaal, valse aantygings, ons sien hoe winkelpoppe bedags in die openbaar vernietig word en winkels geplunder word, en ervaar snags die werklike brutale geweld en moord deur misdadigers, maar sal nooit wyk nie. Die Afrikaner as minderheidsgroep het reeds lankal volkome geestelik genade en emosionele mondigheid bereik. Die stop van feeste, manipulering van die vryemark, aanslae op skole en universiteite, die verwringing van die geskiedenis, en die vat van grond, sal ons teenstaan en is bloot 'n tydelik makeer van die pas van Afrikaners wat die land saam met ander Suid-Afrikaners by uitnemendheid wil dien. *Gewond maar onoorwonne.*

Die viering van 'n 100-jaar verjaardag mag moontlik net 'n vlugtige moment van verbygaande aard wees. Genadiglik dwing dit ons dikwels tot introspeksie en oordenking en herontdekking van sin, rede, waarde en gee dikwels broodnodige perspektief. Dit sou daarom onvanpas wees om nou skouerophalend te mor dat die wiel

(Vervolg op p3)

Woord deur die Voorsitter (verv)

weer sal draai en angstig wag vir beter dae. Ook nie vir laertrek of drang na vergelding nie. Ons reik nou uit na die toekoms om voort te bou op dit waarvoor ons hier is. 'n Vaderland vir almal wat daarin woon en vryheid vir almal beskore is.

Die goue draad wat reeds vir bykans 400 jaar intens verweef is in die wel en die weë van die Afrikaner kan nie ongedaan gemaak word nie maar dien as duur gekoopte ervaring wat as basis dien vir die volgende 100 jaar. Met hierdie aspek het die Nasionale Raad groot erns gemaak. Terug draai nooit, altyd vorentoe. Ons sal bly "*kim breek na groter Godsbegrip*, *Voortrekkers van Sy heelal*. (G A Watermeyer) Dit is my oortuiging dat vanjaar se Bondsraad, op ons verjaardag 7 –8 Junie 2018 in die Wes Kaap 'n belewenis gaan wees en ons daardie geleentheid gaan bied om met vernuwende denke en alternatiewe na vore te kom. Wees asseblief. daar. Maak seker en wees sterk. ❖

Die politiek van rassisme en ontkenning

Deur Jan Bosman
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

Hoekom is my politiek altyd rassisme, en jou rassisme altyd politiek? Die woorde van Langenhoven kan opnuut in 2018 gevra word na 'n maand waarin Afrikaans en veral onderrig in Afrikaans weer gehawend daar uitsien, veral na die ontstellende gebeure by Hoërskool Overvaal. Vir enige ouer wat jong kinders by die skool aflaai was dit 'n tyd van ontstellende onsekerheid want sê nou maar net ons skool is volgende aan die beurt? Ons skole is sagte teikens en dit is duidelik dat opstokers en radikale elemente letterlik geen steen onaangeroer gaan laat in 'n poging om skole onregeerbaar te maak nie.

Generasie na generasie is die slagoffer van die ANC se vernietigende struggle strydkreet van *"liberation before education."* Pas het ons weer gesien hoe onderwysers (SADOU lede) en skoliere aangery is om getalle te kom versterk by Hoërskool Overvaal. Die Menseregtekommissie en PANSAT(Pan Suid-Afrikaanse Taalraad) wat krities was oor "moedswillige" ouers en taalstryders se behoefte aan moedertaal onderrig, is doodstil oor die feit dat kinders in skooltyd ingespan is in die voorste linies.

Dat die politieke gety ernstig aan die draai is moes ons verlede jaar al sien kom het. Op Donderdag 26 Oktober 2017 is 'n groep Voortrekkers van Pretoria gevra om die Tshwane-metroraad se maandelikse raadsvergadering te verlaat. Dit nadat die EFF en ANC raadslede erg aangegaan het oor die "ongetransformeerde" wit kinders en beswaar aangeteken het oor hulle teenwoordigheid. Die tekens was daar dat 'n ander agenda aan die broei is.

2018 het skaars begin of die agenda vir die jaar word duidelik bepaal deur die EFF en die ANC wat hulle eie onderskeie veldtogte fokus op die haat teen Afrikaans en dan veral wit en Afrikaans. Dit het die slagspreuke en plakkate by Hoërskool Overvaal duidelik uitgewys. Die aanstokery is begin deur die LUR van Onderwys, Panyaza Lesufi, wat nie 'n geleentheid laat verbygaan om onderwys in die politieke arena in te sleep en dan meer spesifiek Afrikaanse onderwys en Afrikaanse skole nie. Van onderwys self verstaan hy geen snars nie en is hy ook voor in die koor met pogings om beheerliggame se magte te stroop rondom taal en toelatingsbeleide met huidige onderwyswetsontwerpe. Die redakteur van Beeld skryf juis oor Lesufi se optrede: *"Selfs nadat die ongelykheid van apartheid ingereken is, is hier 'n groot hedendaagse politieke bedrogspul aan die gang. In kort het die ANC (al weer) skouspelagtig misluk in die dienslewering van skole. En in baie gevalle is bestaande begrotings nie eens gebruik nie – vir 2016-'17 is slegs 16 van die begrote 59 skole landwyd gebou. En honderdmiljoene van die geld is verloor deur die boutenders wat toegeken is. Te midde van toenemende ontevredenheid het die mees misplaaste politieke heethoof van ons tyd, Panyaza Lesufi, Gautengse LUR vir onderwys, soos 'n held op 'n figuurlike wit perd op die toneel verskyn.....Sy boodskap is daar is nie voldoende skoolgeriewe nie, want wit kinders sit in onderbesette geboue. En hulle gebruik Afrikaans as verskoning en grootliks rassisme om swart kinders daar uit te hou."*

Lesufi is 'n simptoom van die Zuma-bewind waarin onverdraagsaamheid, skeldtaal en blatante rassisme kwistig ingespan is om die eie onvermoë, onbevoegdheid en verantwoordelikheid te ontduik

Dit is asof Langenhoven se woorde net so op Lesufi van toepassing is. Maar Lesufi is nie alleen nie. Hy is 'n simptoom van die Zuma-bewind waarin onverdraagsaamheid, skeldtaal en blatante rassisme kwistig inge-

(Vervolg op p4)

Die politiek van rassisme en ontkenning (verv)

span is om die eie onvermoë, onbevoegdheid en verantwoordelikheid te ontduik. Die Zuma bewind se stuiptrekkings gaan gekenmerk word deur die verplasing van blaam. Nuusberigte die laaste weke wentel rondom verhore waarin Zuma lakeie die een na die ander die politiek van blaamverplasing begin bemeester. Minister Bathabile Dlamini se ontkenning aan die aandeel van die betaling van toelaes voor oudhoofregter Bernard Ngoepe, Gewese LUR vir gesondheid in Gauteng Qedani Mahlangu oor haar aandeel in die Life Esidimeni-bemiddelingsverhoor, Eskom amptenare en bowenal Minister Lynn Brown wat haar aandeel in die Eskom gemors ontken. Die politiek van ontkenning word ongelukkig ook in die Wes-Kaap gereflekteer met die interne stryd in die Demokratiese Alliansie en die hantering van die droogtekrisis.

Dit kan nie maar net aanvaar word dat ons telkens maar net moet sluk as ons gekonfronteer word met anti-Afrikaans en anti-Afrikaner rassisme nie moet wees nie.

Net so het ons met tyd al begin sien dat rassisme geblameer word vir eie tekortkominge. Daarom sal mnr Cyril Ramaphosa slegs suksesvol wees as hy self verantwoordelikheid neem, wanneer hy president word en sy ministers verantwoordbaar hou, ook rondom interne departementele funksionaliteit. Die gewilde terugval posisie van "kollektiewe verantwoordelikheid" waarvoor die ANC so lief geword het, kan nie meer die norm wees nie.

Dr Danie Langner, Hoofleier van die Voortrekkers skryf na aanleiding van die insident by die Tshwane raadsvergadering waar die Voortrekkers die raadsaal moes verlaat "*Hulle het eerstehands die gevolge van kulturele oneerbiedigheid en rasseonverdraagsaamheid ervaar.*" Net so het die leerlinge van Hoërskool Overvaal dit nou ervaar en net word dit al meer elke dag op alle lewensterreine ervaar. Maar meer nog die onverdraagsaamheid begin tekens van rassehaat demonstreer op sosiale media en 'n kakofonie van rassehaat met slagspreuke en uitbarstings op sosiale media wat duidelik indruis teen die grondwetlike reg tot Vryheid van Uitdrukking wat dit duidelik stel dat die Vryheid van uitdrukking omvat nie *"die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak uitmaak nie."* Dit laat mens dus met verbasing dat die Mensregtekommissie nie self soos in ander gevalle van wit teen oor swart rassisme, ingryp en die stem dik maak nie. Die dubbele standaarde het egter ook reeds kenmerk geword van sommige grondwetlike instellings en word regte selektief en nie konsekwent toegepas nie. Oor die Grondwetlike Hof se uitspraak oor die taalsaak by Kovsies is reeds baie geskryf.

Ons moet egter nie ophou om binne die bevordering van diversiteit op te staan vir grondwetlike kultuur en taalregte nie, inteendeel ons moet dit telkens opeis. Dit kan nie maar net aanvaar word dat ons telkens maar net moet sluk as ons gekonfronteer word met anti-Afrikaans en anti-Afrikaner rassisme nie en almal maar net meepraat aan die reaksie deur politici, kommentators en joernaliste dat Afrikaanse skole nou nie so moedswillig en hardkoppig moet wees nie. Dieselfde mense is egter besonders stil en kyk anderpad oor die blatante rassisme deur swart betogers. Erkenning moet dus aan organisasies soos AfriForum. FEDSAS en SAOU gegee word wat wel bemoeienis gemaak het met die Hoërskool Overvaal se leerlinge en onderwysers se grondwetlike regte.

In die lig van bogenoemde moet mev Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys, se positiewe uitlatings oor Afrikaans en die rol van Afrikaanse skole verwelkom word. Haar opmerkings is feite gebaseerd en is 'n belangrike tree in die soeke na oplossings deur rolspelers wat opreg is oor onderwys. Die Afrikanerbond plaas 'n groot premie op die soeke na die erkenning van diversiteit. Daarom sal ons ook in die komende ruk werk maak daarvan en meehelp aan die soeke na oplossings vir diversiteit en die bevordering van gemeenskaplike belange van alle minderhede en 'n nasionale konsensus tot voordeel van Suid-Afrika en al sy mense, maar nie ten koste van taal of kultuur nie. Die laaste woord oor diversiteit is nog nie gespreek nie. ❖

Gauteng onderwysdepartement se meesterklas in bedrog

Deur Dr Frans Cronjé
Instituut vir Rasseverhoudinge

Die onderstaande artikel het op 23 Januarie 2018 in Engels op News24 verskyn. Met die instemming van Dr Cronje is die artikel na Afrikaans vertaal deur die Afrikanerbond.

Hoe lank die belaglikheid gaan voortduur, is moeilik om te voorspel maar tot op datum het die Gautengse Onderwysdepartement baie goed daarin geslaag om ouers, aktiviste, joernaliste en ontleders te laat fokus op allerhande ander dinge as die werklike probleme wat die onderwys van hul kinders in die gesig staar.

(Vervolg op p5)

Gauteng onderwysdept se meesterklas in bedrog (verv)

Hierdie meesterklas in bedrog kom die waardigheid van bykans al die belanghebbers duur te staan. Die waarheid raak agterweë in al die geroesemoes, en die ergste van alles is dat Suid-Afrikaanse kinders beroof word van die goeie onderwys wat hulle toekom.

Die bewering wat die Departement voortstu is dat rassisme die grootste struikelblok is op die toegangsroete van toegang tot goeie onderwys. Van die *Koeitjies en Kalfies Kleuterskool* in Centurion tot by *St John's College* in Houghton, en onlangs ook by die *Hoërskool Overvaal*, het die Departement en sy amptenare vinnig nasionale rassehisterie aangehits in 'n poging om die bewering te versterk. In die proses doen politici en amptenare hulself voor as patriotiese Suid-Afrikaners wie se toegewydheid aan geregtigheid vir arm kinders hulself heldhaftig voortstu om te verseker dat elke kind 'n goeie onderwys bekom. Maar niemand kan meer hierdeur om die bos gelei word nie.

Die waarheid raak agterweë in al die geroesemoes, en die ergste van alles is dat Suid-Afrikaanse kinders beroof word van die goeie onderwys wat hulle toekom.

Hier is nasionale syfers om in ag te neem:

- Slegs ietwat meer as 30% leerlinge van 0 tot 4 jaar het vroeë kinderontwikkelingsentra in 2015 bygewoon.
- Van die meer as 'n miljoen leerlinge wat in 2014 in graad 10 was, het slegs 'n rapsie meer as die helfte in 2016 vir graad 12 ingeskryf. Van die oorspronklike kohort het slegs vier uit 10 matriek geslaag, en slegs 3% het wiskunde met 60% of meer geslaag.
- Die aantal leerlinge wat wiskunde in matriek met 70% of meer geslaag het, het in die agt jaar sedert 2008, met ongeveer 30% gedaal.

Enige internasionale vergelykings plaas Suid-Afrikaanse uitslae in wiskunde en geletterdheid naby die onderste sport van enige wêreldrangorde. In Gauteng:

- Die aantal staatskole in die provinsie het met minder as 10% sedert 2000 toegeneem alhoewel die provinsie se bevolking terselfdertyd met meer as 40% toegeneem het.
- Die aantal skole met 'n wetenskapslaboratorium was net meer as 30% in 2016.
- Die aantal skole met 'n toegeruste biblioteek is geraam op meer as 40% in 2016.
- Die beraming is dat leerlingswangerskappe sedert 2009 verdubbel het.
- Sowel die aantal en die proporsionele getal leerlinge wat kwalifiseer vir toegang tot 'n baccalaureusgraad het tussen 2014 en 2017 marginaal gedaal (vanaf 'n baie lae basis).
- Minder as die helfte van die leerlinge wat matriek tussen 2015 en 2017 geskryf het, het met 40% of hoër 'geslaag'.

Een van die argumente wat aangevoer is vir die lae prestasies in onderwys, is dat skole in ryker gebiede weier om hul deure vir arm leerlinge oop te maak. Dit is nie waar nie, want meeste van hierdie goeie skole in voorstede is reeds oor kapasiteit.

Die werklike probleem is dat baie stedelike skole swak presteer, en dit kan nie reggestel word deur al die leerlinge na die paar skole te stuur wat wel hoë standaarde handhaaf nie.

'n Tweede argument is dat daar te min geld in die staatsfiskus is en dat amptenare dus nie toegang tot skole van hoër gehalte kan voorsien nie. Maar hierdie argument val ook plat. Suid-Afrika se per capita-besteding aan onderwys en sy besteding as 'n gedeelte van die BBP kompeteer met ontluikende markte wat onderwysmaatstawwe jaar na jaar oortref.

Suid-Afrika se per capita-besteding aan onderwys en sy besteding as 'n gedeelte van die BBP kompeteer met ontluikende markte wat onderwysmaatstawwe jaar na jaar oortref.

'n Randargument wat ook gehoor word, is dat Afrikaans gebruik word om swart leerlinge toegang tot behoorlike skole te ontsê. Dit, nieteenstaande die feit dat die meerderheid Afrikaanssprekers swart is en dat dit naas Zulu en Xhosa, die derde grootste moedertaal is (Engels is vierde), en dat slegs 5% skole suiwer enkelmedium Afrikaanse skole is. Dit is belaglik om te beweer dat hierdie persentasie verklaar waarom die meerderheid leerlinge so 'n swak standaard van onderwys ontvang.

Sterk onderwysbeleidsredes word aangevoer oor waarom mens die argumente wat gewoonlik ter verdediging van swak onderwysuitkomste op skoolvlak aangevoer word, met omsigtigheid moet benader, en dié vervaag dikwels in die geroesemoes van emosies.

(Vervolg op p6)

Gauteng onderwysdept se meesterklas in bedrog (verv)

Navorsing deur die Instituut vir Rasseverhoudinge wat binnekort gaan verskyn, dui aan dat hoë vlakke van ouerlike en gemeenskapsbesluitneming oor skoolbeleid uiters belangrik is vir goeie uitslae. Daar is ook onomstootlike bewyse dat moedertaalonderwys die leerpotensiaal van leerlinge kan verbeter. Die eis om in Engels onderrig te word, kan dalk die hoofrede vir swak prestasie onder nie-moedertaalsprekers wees, maar hierdie feit word totaal oor die hoof gesien. Suid-Afrikaners kan nie eers die bewyse ondersoek wanneer politici en aktiviste die verstekposisie inneem dat moedertaalonderwys die kode vir rassisme is nie.

Daar is ook baie skynheiligheid in die debat oor skoolonderwys; met kommentators en ouers wat hul eie kinders in hul moedertaal laat onderrig of wat hulle na uitstekende staatskole met hoë vlakke van ouerlike bestuursbetrokkenheid, of selfs private skole stuur – maar vereis van politici om ouers van soortgelyke besluitneming oor hul kinders ontneem. Dit is nogal insiggewend om enige aktivis wat sulke uitlatings maak, te vra waar húlle skoolgegaan het, of na watter skole hulle hul eie kinders stuur.

Die redes oor waarom slegs drie uit 100 leerlinge 'n goeie slaagpunt vir wiskunde in matriek sal kry, en oor waarom ongeveer die helfte van die leerlinge skool sal verlaat, het te make met korrupsie, swak beplanning en ondoeltreffende bestuur van bestaande hulpbronne.

Die redes oor waarom slegs drie uit 100 leerlinge 'n goeie slaagpunt vir wiskunde in matriek sal kry, en oor waarom ongeveer die helfte van die leerlinge skool sal verlaat, het te make met korrupsie, swak beplanning en ondoeltreffende bestuur van bestaande hulpbronne. ’n Kind wat die kans op ’n blink toekoms ontneem word, sal enige ouer tot erge woede dryf. Politici wat, met goeie rede, die gevolge vrees (veral in ’n polities weerbare provinsie soos Gauteng), verkies dat ouers nie haper oor dinge soos slaagsyfers onder 50% in wiskunde nie ... daarom die pogings om openbare woede op dinge soos rassisme en Afrikaans te laat val.

Die politieke formule is maklik: maak ’n verregaande bewering wat op ’n flentertjie waarheid gebaseer is en doen ’n beroep op die media se soeke na die dramatiese, en kry sodoende die wiele aan die rol om twee basies ordentlike, maar eweneens desperate etniese gemeenskappe in wanorde teen mekaar te laat draai. Karwei ’n skare betogers aan, sorg dat daar 'n onervare junior joernalis is wat die publiek opstook met selfoonfoto’s van desperate ouers wat handgemeen raak vir 'n kans om hul kinders in 'n goeie skool te kry – betrek die onluspolisie, en jy is verseker van 'n verdere week waarin jy geen moeilike vrae oor die skole wat die Departement bestuur, hoef te beantwoord nie.

Geeneen van die deelnemers tree goed uit die stryd nie, minste van almal die joernaliste wat die desperaatheid agter die Overvaalonluste tot bykans openbare vermaaklikheid gedryf het. Dit sou eweneens onsmaaklik gewees het as hulle gevegte tussen ouers in hulle nuuskamers opgevoer, kaartjies vir die vertoning verkoop en 'n beurs aan die kind van die wenner beloof het.

Ouers, kommentators en joernaliste moet versigtig wees om nie so gou deur populistiese politici en mediahisterie beheer te word dat hulle die meer substantiewe redes oor waarom baie kinders steeds ’n goeie onderwys ontsê word, ontsien of nie eens daarvan bewus is nie.

En die amptelike politieke opposisie? Die beste waarmee hulle vorendag kon kom was om onsinnige aanmerkings te maak oor ‘insluiting’ en ‘eenheid’ en hoe belangrik dit is om ‘nie aan geweld toe te gee nie'. As hulle dink dat dít ’n beleidsposisie is wat leiers kan help om krisisse oor lastige kwessies soos dié by Overvaal op te los, dan wag daar ’n yslike verrassing vir hulle in die verkiesing in 2019.

Daar was onlangs kritiek oor die betekenislose aard van die kommunikasie en beleidsdenke van die amptelike opposisie. Hulle onvermoë om enige intelligente ontleding te maak, of om enige ferm standpunt oor die Overvaalkrisis in te neem, was ’n groot teleurstelling. Roei rassisme met wortel en tak uit waar dit voorkom – hieroor is daar nie te redeneer nie. Maar ouers, kommentators en joernaliste moet versigtig wees om nie so gou deur populistiese politici en mediahisterie beheer te word dat hulle die meer substantiewe redes oor waarom baie kinders steeds ’n goeie onderwys ontsê word, ontsien of nie eens daarvan bewus is nie.

*- Frans Conjé is ’n scenariobeplanner en HUB van die Instituut vir Rasseverhoudinge – ’n dinkskrum wat politieke en ekonomiese vryheid bevorder. *Die skrywer het St John’s College bygewoon, maar is nie op die beheerliggaam of enige ander liggaam van die skool nie.* ❖

Multi– of interkultureel in Suid-Afrika

Onlangse gevalle van weersin deur openlike kritiek en/of meer aktivistiese optrede teen Afrikaans en kulturele instellings wat vir Afrikaners kosbaar is, laat die vraag opnuut ontstaan waarin die oplossing dan geleë is. Ons vestig opnuut net weer die aandag in die onderstaande uittreksel wat in April 2017 in die besprekingsdokument "Politieke denkstrome in Suid-Afrika" deur Johan Mostert geskryf is. Na ons mening lê die antwoord beslis nie in transformasie ideologie wat assimilasie ten alle koste voorop stel nie. Ons plaas graag weer die onderstaande uittreksel met die hoop dat ons sinvol gesprek kan voer as deel van die groter openbare debat.

Multi-kulturaliteit

Die hantering van multi-kulturalisme is vir Suid-Afrika 'n reuse uitdaging op die pad vorentoe. Hoe word die reënboognasie metafoor in die praktyk vergestalt? Hoe gemaak met 'n veelheid van kulture binne een staatkundige entiteit?

Hierdie soort identiteitspolitiek het 'n sterk anti-Westerse en anti-koloniale inslag ontwikkel en het beduidend veld gewen in linkse geledere.

Na die invloei van 'n beduidende stroom immigrante uit veral Noord-Afrika en die Midde-Ooste in Europa, het Europese state hoofsaaklik twee uiteenlopende benaderings gevolg: enersyds die integrasie/assimilasie benadering waar van die minderheidsgroep verwag is dat hy moet integreer/opgaan in die meerderheidskultuur, en andersyds die multi-kulturele silo benadering waarvolgens groepe aangemoedig word om hulle eie kulturele identiteite te bly handhaaf. Die bedoeling met laasgenoemde was aanvanklik om sogenaamde kwesbare kulturele minderhede te beskerm maar het later uitgekring om alle "onderdrukte" minderhede soos onder meer die LGBT "kultuur" te beskerm (LGBT = Lesbian, Gay, Bi-sexual en Trans-gender). Hierdie soort identiteitspolitiek het 'n sterk anti-Westerse en anti-koloniale inslag ontwikkel en het beduidend veld gewen in linkse geledere.

Inter-kulturaliteit

Weens probleme met beide hierdie benaderings in die praktyk, het daar in Kanada 'n verdere gedagte ontstaan wat toenemend byval vind, naamlik die inter-kulturele benadering wat die klem op die handhawing van identiteit plaas *tesame/gelyktydig* met die beklemtoning van die onderlinge vervlegting en samehang van identiteite (dit kan die blokkieskombers benadering genoem word waar die brei- of gehekelde blokkies hulle onderskeie identiteite behou, maar onlosmaaklik in 'n groter geheel in die kombers aaneengeskakel is).

Die klem moet op die blokkies self geplaas word, op die kulturele identiteit, maar ook ewe veel op dit wat die geheel aanmekaar verbind en aanmekaar hou (die talle gemeenskaplikhede in die staatsbestel). Dit is 'n wenwen benadering. Die kultuurblokkies moet insien dat hulle onlosmaaklik aan mekaar verbind is, dat daar 'n inter-groep verbondenheid tussen hulle is (inter-kulturaliteit).

Inter-kulturaliteit lê klem op identiteitspolitiek. Net soos wat die mens behoefte het om erken te word, so het kulturele groepe ook die behoefte om as unieke identiteitsgroep erken te word (die filosoof Charles Taylor was veral prominent in die bevordering van hierdie gedagte). In wese vertoon hierdie benadering 'n sterk ooreenstemming met nasionalisme, maar in die huidige wêreld-denkklimaat word dit verswyg.

Die inter-kulturele benadering wat die klem op die handhawing van identiteit plaas tesame/gelyktydig met die beklemtoning van die onderlinge vervlegting en samehang van identiteite.

Hoewel beide, multi- en inter-kulturalisme, 'n oog het vir minderhede, is die verskille tussen die twee benaderings radikaal van aard. Dat Afrikaners moet opgaan in 'n groter geheel is nie onderhandelbaar nie. Isolasie in 'n afgesonderde silo ter beskerming van 'n eie identiteit is egter onwerkbaar. Dit laat die inter-kulturele benadering as die beste opsie vir die posisionering van Afrikaners as kultuurgroep in Suid-Afrika.

In praktyk beteken dit dat Afrikaners (hoe uitgebreid die definisie ook al mag wees) sal probeer om die kultuur -eie steeds met entoesiasme uit te bou en terselfdertyd hande te vat met die owerheid en ander kultuurgroepe om 'n harmoniese gemeenskaplike tuiste te skep. Samewerkende oplossingsgerigtheid is 'n denkhouding wat by Afrikaners sowel as alle ander groepe in Suid-Afrika aktief bevorder behoort te word.

(Vervolg op p8)

Multi– of interkultureel in Suid-Afrika (verv)

Wat Afrikaners as minderheidsgroep in Suid-Afrika betref, sal nog baie gedink moet word. Vanuit linkse geledere word Afrikaners nie oor dieselfde kam as ander minderhede geskeer nie. Die klem vanuit daardie oord is immers op die beskerming van "onderdruktes". Afrikaners word gediskwalifiseer weens hulle "whiteness"; omdat hulle deel vorm van die bevoorregte klas. Volgens hulle kan Afrikaners dus nie aanspraak maak op slagofferskap nie en daarom ook nie kwalifiseer vir maatreëls vir die beskerming van 'n eie identiteit as minderheid nie.

Die inter-kulturele bied myns insiens die mees omvattende raamwerk vir besinning oor kulturele groepsordening in Suid-Afrika. Ons sal dringend aan die werk moet spring om praktiese beslag daaraan te gee. ❖

Grond en eiendomsbesit

Deur Jaco Schoeman
Voorsitter van die Nasionale Raad en sameroeper van die Ad Hoc groep vir die Beskerming van Eiendomsregte

Grond en die besit daarvan het 'n uiters emosionele maar ook 'n diep verdelende kwessie geword. Die Afrikanerbond het al geruime ruk reeds gewaarsku dat uitsprake oor grond wat nie met groot verantwoordelikheid en omsigtigheid hanteer gaan word nie, verreikende konsekwensies gaan hê.

Die ANC se 54e konferensie by NASREC het die punt bewys. Grond het weer 'n politieke speelbal geword, maar in stede daarvan om die fout vir die mislukking van grondhervorming elders te soek word voorspraak gemaak om die grondwet te wysig en grondonteiening sonder vergoeding in te stel. Ons staatkundige bestel gebaseer op 'n regstaat word gerieflikheidshalwe ondermyn om die politieke ideologie ter wille te wees in stede daarvan om die fout te soek by die staatsdepartemente wat disfunksioneel is, en meganismes wat kan werk deur onbevoegdheid ondermyn word. So is 'n edel proses die afgrond in bestuur deur mense wat nie bekwaam is nie en tekortkominge en prosesse wat korrupsie bevorder.

In die lig van bogenoemde skiet die nuutverkose ANC president, mnr Ramaphosa se versekeringe dat die ekonomie nie geskaad moet word nie, ongelukkig ver te kort. Die realiteit is dat die ekonomie reeds ernstig geskaad is deur politieke leierskap tekortkominge en beleidsonsekerhede. Die nuutste voorstelle verhoog die druk binne die politieke drukkoker en skep net nog meer onsekerheid en nog meer polarisasie.

Politieke retoriek word gebou op die mite dat grondbesit armoede gaan aanspreek. Die harde werklikheid is dat armoede net nog verdere gaan toeneem, want dit is die aktiwiteite wat op die grond plaasvind wat meer waardevol is as die grond self. Die staat is egter doodeenvoudig nie gerat om die waardeketting bo die grond te ontgin en mense op die wyse te bemagtig nie.

Die harde werklikheid is dat armoede net nog verdere gaan toeneem, want dit is die aktiwiteite wat op die grond plaasvind, wat meer waardevol is as die grond self.

Die ander mite is die oor gronddiefstal. Soos wat dit gepropageer word is dit feitelik krimineel vir 'n wit persoon om grond te besit "want dit is onregmatig" bekom deur "diefstal" en die bevordering van 'n eensydige geskiedenis. Dit saam met die aanslag teen boere met plaasaanvalle, plaasmoorde, droogtes en die ekonomiese wanbestuur van die Regering wat die rand laat struikel maak dit reeds vir boere bykans onmoontlik om 'n bestaan te voer.

Baie gesprekke is oor vele jare gevoer en daar is nie 'n onwilligheid om grondbesit aan te spreek nie. Die syfers waarop grondbesit gebaseer word is egter ook 'n verkeerde vertrekpunt want nog steeds na al die jare en na vele versoeke is daar nog nie 'n behoorlike oudit oor grondbesit van die staat se kant af nie. Grondwetwysigings is nie nodig nie. Die staat moet eenvoudig net sy werk doen. Onbevoegdheid moet aangespreek word en korrupsie moet met wortel en tak uitgeroei word. Dit is egter nie gewilde retoriek nie en ander en makliker teikens word voortdurend opgestel. Ons waarsku weer dat dit absoluut noodlottig is om grond as politieke speelbal te gebruik.

Die Afrikanerbond sal die saak binne die Ad Hoc Groep vir die Beskerming van Eiendomsregte aanroer en sal ook saam met ander rolspelers die prosesse dophou en sal nie huiwer om dan werklik op te tree en prosesse wat onwettigheid aanmoedig te stop nie. Daar moet vinnig sekerheid geskep word en hol woorde om

(Vervolg op p9)

Grond en eiendomsbesit (verv)

tydelike gerustheid te skep gaan ons nie oortuig nie. Dit help ook nie om die skuld te verplaas in die proses nie. Die ANC en regering moet verantwoordelik en aanspreeklikheid aanvaar vir die besondere gemors wat gemaak is met grondrestitusie en grondbesit die laaste aantal jare. Ander sondebokke word gereeld voorgehou terwyl die werklike probleme geïgnoreer word. Enige verdere eksperimente met grondbesit hou 'n ernstige bedreiging in vir voedselsekerheid.

Ons staan nie in weerstand teen grond en grondbesit nie. Dit is omdat ons bekommerd is oor grondbesit en landelike ontwikkeling in Suid-Afrika dat ons nie net kan stilbly nie. Omdat ons lojale Suid-Afrikaners is en omdat ons 'n baie hoë premie plaas op voedselsekuriteit het ons saam met 'n aantal organisasies oor jare ernstige kommer uitgespreek oor die uitgediende ideologiese basis. Die herverdeling van grond is 'n realiteit wat almal in Suid Afrika aanvaar en wat reeds suksesse toon. Om swart te wees in Suid-Afrika gee egter nie alleenreg op grond nie.

Die kwessie oor grond bly 'n smeulende tydbom wat die maaksel is van 'n party en 'n regering wat oor baie jare nie wou luister na oplossings en sinvolle voorstelle nie, maar eerder toegelaat het dat onbekwame amptenare en onbevoegde departemente en ministers die situasie vererger.

Net soos eise vir gratis tersiêre onderrig die sektor in 'n krisis gedompel het, en mnr Zuma se ondeurdagte aankondiging in die verband die krisis vir 2018 nog groter gemaak het, so sal ondeurdagte uitsprake oor grond weinig doen aan onsekerheid in die verband.

Die land besef maar te volkome dat mnr Ramaphosa in 'n knyptang vasgevang sit van 'n party wat met desperate laaste kaarte moet veg vir politieke oorlewing. Waar Suid-Afrika vir die laaste paar jaar blootgestel is aan katastrofiese leierskap in regering kan mnr Ramaphosa wel balans bring met verantwoordelike leierskap. Praatjies oor grondonteiening sonder vergoeding kan oneindige negatiewe konsekwensies vir Suid-Afrika inhou. Dit bly 'n smeulende tydbom wat die maaksel is van 'n party en 'n regering wat oor baie jare nie wou luister na oplossings en sinvolle voorstelle nie, maar eerder toegelaat het dat onbekwame amptenare en onbevoegde departemente en ministers die situasie vererger.

Populistiese leiers maak staat op die skep van persepsie en onjuiste uitsprake en retoriek. Dit is egter die leiers wat die vinnigste vlug as die konsekwensies hulle inhaal. Dit is die romantiese revolusionêres wat die grootste verraad teenoor Suid-Afrika en sy mense pleeg.

Mnr Ramaphosa kan dan kies of hy deel wil wees van die faksie en of hy nou met groter verantwoordelike leierskap en staatmanskap wil optree. Sy toesprake en standpunte in die komende tyd word met belangstelling dopgehou. Ons het ook reeds met mnr Ramaphosa se kantoor geskakel vir 'n moontlike gesprek om hierdie en ander kwessies indringend met hom te bespreek. ❖

Die 8 Pilare van die blaam van apartheid

Deur Jan Bosman
Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

In 'n gebalanseerde perspektief op 12 November 2017 in Rapport Weekliks skryf Dr Khulu Mbatha onder andere en met verwysing na Swart Maandag: "Die land is besig om te brand, nie omdat Afrikaners die straat ingevaar het nie. Dit is besig om te brand omdat die ANC baie van sy beloftes nie nagekom het nie."

"Ons moet ophou om in alle fasette van die lewe die heeltyd aanspraak te maak op en voorspraak te doen vir slagofferskap. "

Sy artikel pleit in werklikheid vir swart en wit om mekaar te herontdek en begrip vir mekaar te toon. Daarom sê hy dan ook "Ons moet ophou om in alle fasette van die lewe die heeltyd aanspraak te maak op en voorspraak te doen vir slagofferskap. Ons moet eerder die leiding neem om die Suid-Afrika te bou waarin ons almal graag sal wil woon."

Hoe ver verwyderd is die woorde nie van mnr Jacob Zuma wat nie 'n kans verby laat gaan om apartheid te blameer vir alles en nog meer, wat verkeerd gaan in die land nie. Dit het mnr Zuma weer gedoen in sy toespraak in die Nasionale Raad van Provinsies op 9 November 2017 toe hy apartheid blameer het vir die moeilike ekonomiese klimaat en die hoë vlakke van armoede. Nie 'n woord

Die 8 Pilare van die blaam van apartheid (verv)

van self verantwoordelikheid neem of aanspreeklikheid aanvaar vir enige van die probleme nie. Korrupsie en lae ekonomiese groei as gevolg van beleidsonsekerhede lê aan die kern van die "moeilike ekonomiese klimaat" maar dit is te betwyfel om mnr Zuma dit kan of wil verstaan. Maar - daar was 'n tyd wat mnr Zuma anders gedink het oor hedendaagse probleme. Aan die begin van sy termyn in April 2010 as president word hy aangehaal as sou hy, waarskynlik met verwysing na sy voorganger, gesê het: "Ons sal nie apartheid kan blameer as dorpe nie water, geen elektrisiteit, geen paaie het nie. Ons sal niemand anders kan blameer as kinders nog onder bome studeer nie, as huise en skole uitmekaar val nie." In die tyd hierna het hy egter begin besef dat dit baie makliker gesê as gedoen is, en deesdae is hy voor in die koor as verwyte en beskuldigings oor apartheid geslinger word.

In die laaste ruk is apartheid al geblameer vir hedendaagse korrupsie, misdaad, kragonderbrekings, swak onderwys, nie-aflewering van handboeke, werkloosheid en vele meer.

As ons oor apartheid praat, wil ons dit nie regverdig of verdedig nie. Skynbaar mag ons ook net oor apartheid praat as ons vingerwysend is, blaam toedeel en apartheid vir elke denkbare ding blameer. Dat apartheid 'n gerieflike kapstok geword het waaraan mislukkings en nie-uitvoering van beleid gehang word is 'n gegewe. In die laaste ruk is apartheid al geblameer vir hedendaagse korrupsie, misdaad, kragonderbrekings, swak onderwys, nie-aflewering van handboeke, werkloosheid en vele meer.

Die blaam van apartheid het 'n uiters gevaarlike spel geword waarin die interpretasie neerkom daarop om witmense verantwoordelik te hou vir die huidige omvang van probleme van die land. Dit is roekeloos en ook onverantwoordelik, maar skynbaar pas dit sommiges se agenda.

Apartheid het nou al so 'n gerieflike kapstok vir die verplasing van blaam geword dat mens die "blaam van apartheid" weer kan onderverdeel, afhangende van die blaamverplasing se oogmerk. Breedweg dan die volgende pilare vir die verplasing van die blaam van apartheid.

Die eerste pilaar is die sogenaamde Bell-Pottinger spel. Lei die aandag af. Gebruik voortdurend die terme apartheid, kolonialisme, dekolonialisme, wit monopolie kapitaal. So word die aandag afgelei van die hedendaagse wanbestuur en korrupsie en staatskaping.

Die tweede pilaar is die ANC-gom. Tot en met die oorgang in 1994 was apartheid die gerieflike gom om 'n groot klomp uiteenlopende ideologieë, faksies en burgerlike instellings onder een sambreel te verenig teen apartheid. So is 'n breë groep sienings bymekaargehou en saamforseer. Dit het mettertyd verbrokkel. Om elke keer apartheid te blameer is dus ook 'n gerieflike agenda in 'n poging om die groeiende ontnugtering en vervreemding in toom te hou.

Derdens is die wit bevolking se rol in die aftakeling van apartheid in sommiges se visier. Dit pas hulle agenda eenvoudig nie. Daarom word wit mense gereeld gebombardeer met die voorgestelde welvaartsbelasting en die diefstal van grond en moet die jong wit bevolking in die idioom van die blaam van apartheid deurlopend die skuld dra vir die verlede. George Orwell het gesê "Die mees effektiewe manier om mense te vernietig, is om hul eie begrip van hul geskiedenis te ontken en te vernietig.

Tot en met die oorgang in 1994 was apartheid die gerieflike gom om 'n groot klomp uiteenlopende ideologieë, faksies en burgerlike instellings onder een sambreel te verenig teen apartheid.

Die vierde pilaar het te make met die inperking van spraakvryheid. Enige kritiek teen die ANC regering of uitvoering van beleidsraamwerke trek onmiddellik die "hunkering na apartheid" kaart uit die pak. Hiervan kan mev Helen Zille eerstehands getuig. Dieselfde kan natuurlik nie van kritiek uit die swart geledere gesê word nie, en is dit dikwels dat die "apartheidskaart" dan vervang word met die woorde teen-revolusionêr indien dit 'n swart persoon is of selfs 'n gevangene van wit-monopolie kapitaal.

Apartheid se teenvoeter is natuurlik nog meer van dieselfde, maar omgekeerd. Die regstelling van die verlede en apartheid vereis dus 'n vorm van swart apartheid en dit vind sy toepassing in transformasie, demografiese verteenwoordiging en swart ekonomiese bemagtiging. Die regstelling van apartheid "regverdig" as vyfde pilaar die nuwe diskriminerende beleidsraamwerke.

(Vervolg op p11)

Die 8 Pilare van die blaam van apartheid (verv)

As sesde pilaar word die argument dikwels as versagting deur kommentators uitgespreek dat byvoorbeeld korrupsie vandag erg is maar in apartheid nog erger. So kan alle sfere van die samelewing se gebreke uitgelig word maar altyd ter versagting, want in apartheid was dit volgens die pleit ter versagting, nog erger.

Die sewende pilaar van die blaam van apartheid is die selfgeldende een van politieke korrektheid en gedienstigheid teenwoordig by verskeie meningsvormers, kommentators en sommige joernaliste. Om hulle plek in die samelewing te regverdig en op te eis sal hulle eers standpunt inneem teen apartheid, en dan toeslaan met hulle kritiek teen die huidige regering.

Ons moet kan praat oor apartheid sonder om dit regverdig. Ons moet die konteks en die geskiedenis verstaan.

Laastens is dit die kriminalisering van individue en groepe met apartheidsimbole as die groot sonde. Enige wit rassisme word deur openbare mening verguis en met dubbele standaarde gestraf. Afrikaans is die ander sondaar. Enige optrede teen Afrikaans is optrede teen apartheid en daarom geregverdigd.

Ons moet kan praat oor apartheid sonder om dit regverdig. Ons moet die konteks en die geskiedenis verstaan. Daar is genoeg verskoning gevra vir apartheid. Die grootste struikelblok is nie meer die wil om verskoning te maak nie, maar die wil om aanvaarding van veral witmense se hand van vriendskap en hulp. Wit mense se bydrae in die Suid-Afrika van vandag ten spyte van vele struikelblokke is enorm en kan groter wees.

Die wesenlike gevaar van die Zuma-bewind is dat redelike Suid-Afrikaners wat saam skouer aan die wiel gesit het om die nuwe en demokratiese Suid-Afrika tot stand te bring ook ontnugter raak met die demokrasie wat oorheers word deur vergrype, magsmisbruik, toenemende korrupsie en gebrekkige dienslewering. Dit is hierdie redelike en gematigde Suid-Afrikaners wat veronderstel is om hande te vat en saam te bou aan die toekoms van Suid-Afrika wat gestuit word deur onverantwoordelike en ondeurdagte optredes en uitlatings deur die president, 'n regering wat nalaat om te voldoen aan die Nasionale Ontwikkelingsplan, grandiose selfverryking en ongebreidelde korrupsie en magswellus. Ons moet dus ook hieroor kan praat sonder om telkens verwyt te word as synde 'n terugverlang na apartheid.

Net soos dr Khulu Mbatha wil ons graag meewerk en deelneem om die Suid-Afrika te bou waarin ons almal graag sal wil woon. Die voortdurende beskuldiging van apartheid gaan egter nie die gesindhede wat nodig is bou nie. ❖

Kom vier ons eeufeesjaar

Op 5 Junie vanjaar is die Afrikanerbond 100 jaar oud. Uit prof Ernst Stals se boek "Die Geskiedenis van die Afrikaner Broederbond" is die stigtingsdoelwitte soos volg geformuleer:

"(1) Die aaneensmelting van Afrikaners; Afrikaners oor die lengte en breedte van ons land, die verlang na die opheffing van ons volk, te laat saamwerk om die verskil van opinie oor volksvraagstukke uit die weg te ruim, en 'n gesonde en vooruitstrewende eensgesindheid te bewerkstellig.
(2) Die ontwikkeling van 'n egte, ruimhartige demokratiese volkslewe, en die opleiding van die Afrikaner tot die regte gebruik daarvan.
(3) Die opwekking van die selfbewussyn van die Afrikaner, en die inboeseming van liefde vir sy taal, geskiedenis, tradisies, land, volk en godsdiens.
(4) Die bevordering van oorspronklike Suid-Afrikaanse kuns en kultuur in alle opsigte.
(5) Die veredeling van die samelewing op grondslag van die skoon ou sedes en karaktertrekke van ons volk.
(6) Die behartiging van die ekonomiese belange van Afrikaners,
(7) Die handhawing van die beginsels van Jesus Christus."

Oor 'n honderd jaar het die Afrikanerbond en sy voorganger, die Afrikaner Broederbond geweldig baie gedoen om aan hierdie doelwitte te voldoen. Tyd sal leer wat die impak daarvan was, maar ons is net so bewus daarvan dat die taak nog lank nie afgehandel is nie. Heelwat organisasies is intussen tot stand gebring deur die direkte of indirekte betrokkenheid van die Afrikanerbond en sy voorganger om aktief te werk op spesifieke terreine binne die doelwitte en ons ondersteun hulle graag deurlopend.

Om die besondere jaar te vier en erkenning te verleen aan 'n organisasie en sy lede wat enorme prestasies bereik het, beplan ons enkele aktiwiteite vir die jaar waaroor ons u deurlopend sal inlig. Ons is bewus daar-

(Vervolg op p12)

Kom vier ons eeufeesjaar

van dat provinsies, lede en afdelings ook byeenkomste hou en word u versoek om die inligting ook aan ons deur te stuur .

In die verjaarsdagweek word die Algemene Nasionale Vergadering van die Afrikanerbond, of Bondsraad, soos wat dit beter bekend staan beplan vir 7 en 8 Junie 2018 in Paarl. Behalwe dat ons graag by die geleentheid ons besonderse verjaarsdag sal vier sal dit vir lede en afdelings van regoor die land weer die geleentheid bied om bymekaar te kom en saam te praat oor die sake wat vir ons belangrik is. Afdelings is welkom om mosies via gebiede en provinsiale besture aan die kantoor te stuur met die oog op die Bondsraad.

Ons boek oor die geskiedenis van die Afrikaner Broederbond en die Afrikanerbond is feitelik afgehandel en word later die jaar bekendgestel. Meer inligting sal later volg maar die boek behoort met trots in elke lid se boekrak opgeneem te word.

Rondom 5 Junie 2018 word 'n geleentheid in Johannesburg beplan en meer inligting sal later volg. Net so is ons ook bewus van beplannings aan ontbytbyeenkomste in provinsies en ook geleenthede wat die dag beplan word.

Tydens Februarie en Maart is daar besoeke van die dagbestuur van die Nasionale Raad aan ons onderskeie gebiede. Kennisgewings in die verband is al gesirkuleer. Ons sal tydens die geleenthede ook meer besonderhede voorsien oor van die bogenoemde aktiwiteite maar dan veral oor die aksies en beplanning waarmee die Nasionale Raad tans besig is. Neem kennis van die volgende datums en plekke

17 Februarie 2018 Saterdagoggend - Mpumalanga en Limpopo (Burgersfort)
19 Februarie 2018 Maandagaand Gauteng-Noord (Faerie Glen, Pretoria)
20 Februarie 2018 Dinsdagaand - Noordwes (Potchefstrroom)
21 Februarie 2018 Woensdagaand - Gauteng-Suid (Die Eike, Randburg)
24 Februarie 2018 Saterdagoggend- Vrystaat (Bethlehem)
9 Maart 2018 Vrydagmiddag – Oos-Kaap (Port-Elizabeth)
10 Maart 2018 Saterdagoggend – Wes-Kaap (Malmesbury)
12 Maart 2018 Maandagaand – Noord- Kaap (Kimberley)

Ons glo dat 2018 se eeufeesviering 'n besondere hoogtepunt is wat ons ontstaansdoelwitte maar ook ander doelwitte wat sedertdien gestel is op 'n waardige wyse sal vier en herdenk. Wees Sterk . ❖

KKNK ontbyt - 2 April 2018

Vriende

Soos die gebruik vir baie jare is, sal die KKNK ontbyt weer gedurende die kunstefees op Oudtshoorn plaasvind.

Die ontbyt sal plaasvind op 2 April 2018 om 07:30 by Karoobrou. Dit is by die Klein Karoo Landboukoöperasie op Oudtshoorn. Die koste beloop R120 per persoon. Enige wins sal, soos in die verlede, oorgedra word na die Rapport Onderwysfonds (ROF).

Die spreker is Dr. Danie Langner, Hoof Uitvoerende Beampte van die FAK en Hoofleier van die Voortrekkers.

Bevestig asseblief voor of op 20 Maart 2018 by Schalk van Vuuren, tel: 083 628 7900 of Willem Knoetze, tel: 082 408 6769 of Deon Joubert, tel: 083 458 0706 indien u die funksie gaan bywoon.

Ons sien uit daarna om u op Oudtshoorn te ontmoet.

Vriendelike groete
Deon Joubert ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190